ST MARY'S (RK) PRIMÊR

Tel: 044 875 8450
Faks: 044 875 9485

E-pos: stmarysprimary9@gmail.com

✉ 215
Beerstraat
GEORGE
6530

20 April 2021

Geagte Ouers/Voogde



Ons het aan die einde van 'n baie uitdagende kwartaal gekom!

Ons sê dankie vir ons Heer dat Hy ons ongeskonde deur hierdie kwartaal gebring het, dat ons leerders veilig is en dat u ook gesond is. Dankie dat u soveel omgee vir u kinders en dat u besef dat u 'n belangrike rol het om in u kind se opvoeding te speel.

Ons weet dat ons leerders 'n groot agterstand het omdat hulle onderrig verlede jaar soveel onderbreek is, maar ons onderneem om alles in ons vermoëns te doen om in te haal. Ons volg die aangepaste kurrikulum wat die Departement van Basiese Onderwys tot die beskikking van skole gestel het. Ons volg steeds 'n aangepaste skoolprogram waarvolgens leerders elke alternatiewe dag by die skool is. Ongelukkig gebeur dit soms dat ouers/voogde soms nie toesien dat hul kinders wel in die skool is op die dae wat hulle daar moet wees nie.

Wat die COVID-19-epidemie betref, net die volgende herinnering:

- gereelde hande was
- handhaaf afstand van 1,5m
- hoes/nies in jou elmboog of in "tissue"
- elke dag masker dra
- eie skryfbehoeftes in die klas

Onthou, Ouers/Voogde, die virus is steeds met ons en ons moenie ons waaksaamheid verslap nie! Wees u die voorbeeld by die huis en gee gehoor aan al die veiligheidsmaatreëls.

SKOOL SLUIT

Die skool sluit op Donderdag 22 April 2021 vir die leerders wat in groep 1 is en op Vrydag 23 April 2021 vir die leerders in groep 2. Ons sal albei dae om 11.00 sluit. Maak asseblief seker dat u u kinders betyds kom haal!

RAPPORTE

U sal u kind se rapport in die nuwe kwartaal ontvang—op 6/7 Mei 2021. Ons moet ongelukkig al die tyd tot ons beskikking vir onderrig gebruik en dit het veroorsaak dat die assessering van leerders nog tot in die laaste week van die kwartaal plaasvind.

FONDSINSAMELING

Ons was gelukkig dat ons wel hierdie kwartaal fondse vir die skool kon insamel. Baie dankie vir u bydrae! Dit word waardeer. Ons personeel (doserend, sowel as nie-doserend) se bydrae tot die sukses van hierdie tipe funksies kan ook nie misgekyk word nie! Ons "BRAAI EN SLAAI" -funksie is veral goed ondersteun. Ons weet dat ons ook op steun kan reken vir fondsinsameling vir die tweede kwartaal.

KOLLEKTANTE

Ons bedank ouers/voogde vir hulle bereidwilligheid om hul kinders beskikbaar te stel as kollektante vir die skool. Ons weet dat dit eintlik maar u is wat die fondse namens die skool insamel! Ons versoek u om 'n bedrag van R500 in te samel teen November 2021. Pas die lyste wat u ontvang het, mooi op, want alle lyste moet na die skool te-rugkom teen einde November 2021.

SPORT

Die Departement van Basiese

Onderwys het aan skole die groen lig gegee om met sportbedrywighede te begin, maar wel sonder toeskouers. Op hierdie stadium het ons besluit om nog nie enige kontaksport toe te laat nie omdat ons juis nie ons kinders en kollegas in gevaar wil stel nie. Ons sal u wel inlig indien, en wanneer, hierdie besluit verander.

WHATTSAPP-GROEPE

Ons opvoeders probeer om kontak met u te behou deur middel van ons whattsapp-groepe. Die onderstaande reëls sal vir hierdie groepe geld:

- slegs opvoeders plaas

boodskappe op groepe

- geen boodskappe moet aan opvoeders gestuur word voor 07.00 en na 18.00 nie
- geen algemene en persoonlike gesprekke mag geplaas word nie
- geen krutaal mag gebruik word nie
- geen opvoeders mag bespreek word nie
- indien u enige navrae het, kontak die kantoor

SKOOLBEHEERLIGGAAMVERKIESING

Ons nuwe skoolbeheerliggaam is verkies. Die lede is:

OUERS	OPVOEDERS	NIE-OPVOEDER
M. Giewelaar	C. Pyler	I. Nkinana
J. Mooi	H. Louis	
N. Louw		
S. de Kock		
N. Airdien		

Die volgende lede is as amptenare verkies:

Voorsitter: M. Giewelaar

Vise-voorsitter: S. de Kock

Sekretaresse: H. Louis

Tesourier: C. Pyler

Ons versoek alle ouers/voogde om ons SBL te ondersteun in die uitvoer van hulle pligte.

ONS WAARDES

Ons skool het elke maand 'n spesifieke waarde wat ons nastreef. Ons waardes vir Mei en Junie is onderskeidelik DOELGERIGTHEID en BETROUBAARHEID. Praat asseblief met u kind by die huis oor hierdie waardes. Verduidelik aan hom/haar hoe belangrik dit is om ten alle tye doelgerig en betroubaar te wees. Demonstreer ook hierdie waardes by die huis deur die voorbeeld wat u stel.

BESOEKE AAN DIE SKOOL

Ouers/Voogde, ons versoek u om nie die skoolterrein te betree, tensy dit absoluut noodsaaklik is. U moet by die kantoor aanmeld om u besoek te verduidelik. Geen ouer/voog sal toegelaat word om 'n opvoeder in die klaskamer te gaan besoek sonder dat die kantoor daarvan bewus is nie. Dit sal in elk geval slegs in uiterste gevalle toegelaat word.

RAMADAN

Ons wens al ons Moslemleerders en –ouers 'n geseënde Ramadan toe. Mag hierdie tydperk van vas en gebede 'n vredevolle tyd wees waarin u u verhouding met God tot hoër hoogtes sal voer.

AANSOEKE VIR VAARDIGHEIDSKOLE

Ouers/Voogde wat die aansoekvorms vir vaardigheidskole moet onderteken, moet asseblief tussen 11.50-12.40 by die skool aanmeld. Ons sal ongelukkig nie op ander tye aan u aandag kan skenk nie!

AANSOEKE VIR SKOOLTOELATING IN 2022

Ons vertrou dat u gebruik gemaak het van die aanlyn aansoekproses vir toelating tot skole in 2022. Ons hoop u kry die skool van u keuse!

VEILIGHEID

Maak asseblief seker dat u kind gedurende die week van vakansie veilig by die huis is. U moet ten alle tye weet waar hy/sy hom/haar bevind. Onthou, die veiligheid van u kind is u verantwoordelikheid!

Skole heropen vir die tweede kwartaal op Maandag 3 Mei 2021 vir groep 1-leerders en op Dinsdag 4 Mei 2021 vir groep 2-leerders.

Nelson Mandela, ons eerste demokraties verkose president, het gesê:



As ouer/voog is dit belangrik dat ons ons kinders help om hierdie "wapen" te gebruik om verandering teweeg te bring.

Groete.

L.J. Muller

PRINSIPAAL